

Dinsdag 17 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1

Fokusgedeelte: Openbaring 1:17

Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende (5)

Ons moet oppas dat ons nie ongeërg staan teenoor die wederkoms nie. Dit kan enige dag kom – dan staan ons ook voor die regbank van die Regter. Die lewe sal gewoonweg aangaan. *Daar sal twee op die land wees. Die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee sal by die meul maal. Die een word aangeneem en die ander word verlaat* (Matt. 24:40).

In ons tam wêreld met sy mense wat moeg en moedeloos is, klink die evangelie van “waak tot die einde” uitsigloos. Dan klink die troos van die Regter ons toe: *Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende*.

Op jou pad wat jy geloop het tot hiertoe, het Ek jou gebring. Vir die pad wat voor jou lê, sal Ek jou krag gee. Die begin en die einde is by My – daarom is Ek die Lewende, en is die lewe by My alleen.

Die feit dat ons nog tyd gegun word, sê vir ons dat ons nog genadetyd bykry. Nog tyd waarin ons ons in ons aardse lewe vir die hemelse kan voorberei.

Was ons lewens tot nou toe 'n vrugbare een vir die koninkryk van God? Of kry ons nog tyd by omdat die Tuinier gepleit het: *Laat hom nog hierdie jaar staan totdat Ek hom gespit het en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan U hom ander jaar uitkap*.

Die Here Jesus het ons juis nie uitgekap nie. Ons lewe gaan saam met Hom by die kruis verby tot voor sy ewige troon waar Hy as die almagtige God heers en regeer – tydloos, want Hy was van altyd af daar, is nou daar en sal vir ewig daar wees as ons God en Koning.

Sing: Psalm 1-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)